kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Hy gaan julle vooruit…

Skriflesing: Markus 16:1-8 (1953)

1 EN toe die sabbat verby was, het Maria Magdaléna en
Maria, die moeder van Jakobus, en Salóme speserye gekoop
om Hom te gaan salf.
2 En baie vroeg op die eerste dag van die week, net ná sonop,
kom hulle by die graf.
3 En hulle sê vir mekaar: Wie sal vir ons die steen voor die
opening van die graf wegrol?
4 En toe hulle opkyk, sien hulle dat die steen weggerol was,
want dit was baie groot.
5 En toe hulle in die graf ingegaan het, sien hulle ’n jongman,
met ’n lang wit kleed om, aan die regterkant sit, en hulle het
baie geskrik.
6 En hy sê vir hulle: Moenie verskrik wees nie. Julle soek
Jesus die Nasaréner wat gekruisig is. Hy het opgestaan. Hy is
nie hier nie. Dáár is die plek waar hulle Hom neergelê het.
7 Maar gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle
uit gaan na Galiléa. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle
gesê het.
8 Toe gaan hulle haastig uit en vlug van die graf af weg. En
bewing en ontsetting het hulle aangegryp. En hulle het vir
niemand iets gesê nie, want hulle het gevrees.

Broodjies vir die pad

In his own unique way, Ludwig Wittgenstein answers that question. In *Culture and Value* (p. 33e) he writes:

What inclines me to believe in Christ's resurrection? It is as though I play with the thought-- If he did not rise from the dead, then he decomposed in the grave like any other man. *He is dead and decomposed.* In that case he is a teacher like any other and can no longer *help;* and once more we are orphaned and alone. So, we are in a sort of hell where we can do nothing but dream, roofed in, as it were, and cut off from heaven. But if I am to be REALLY saved,-- what I need is *certainty*-- not wisdom, dreams or speculation-- and certainty is faith. And faith is faith in what is needed by my *heart*, my *soul*, not my speculative intelligence. For it is my soul with its passions, as it were with its flesh and blood, that has to be saved, not my abstract mind. Perhaps we can say: only *love* can believe the Resurrection. Or: it is *love* that believes the Resurrection. We might say: Redeeming love believes in the Resurrection; holds fast even to the Resurrection. What combats doubt is, as it were, *redemption.* Holding fast to *this* must be holding fast to that belief. So that what it means is: first you must be redeemed and hold fast to your redemption (keep hold of your redemption)-- and then you will see that you are holding fast to this belief. So this can come about only if you no longer rest your weight on the earth but suspend yourself from heaven. Then *everything* will be different and it will be 'no wonder' if you can do things that you cannot do now.

Once the announcement has been made "He has been raised, he is not here" there are only two choices: Just another man died, a good man and excellent teacher, but still he is dead and so life goes on in its usual ways and there really is not any news about that, or everything is now different and only now I can "do things that I cannot do" before. I am not just earth-bound. I can imagine, participate and even perpetuate life in a larger sense, a fairer sense, a richer sense for myself and others. The greatest import of the resurrection is not what it implies for after I die, but **before** I die! "Love beleives the Resurrection."

◆◆◆

Gebed van ’n Afrikaanse boer in die Vrystaat

Charles Smith

“Liefdevolle Hemelse Vader.”

Dit is hoe baie gebede in my kleintyd begin het.

Dankgebede voordat ons wegval aan die krummelpap met kaiings. Of voor skaapboud, afval en pampoen op Sondagmiddae is daar ’n dankie en asseblief.

Of as vloede en droogtes die plaas tref. Selfs as ’n trop honde soos wolwe deur die rooigras aanval en die ooie oopgeskeur met pleitende oë wag vir genade.

Met liefde, dood en genade. Genadegawes, ja, een van daai mooi, mooi woorde in ons oorgeërfde gebede om familietafels met vakansies en Paasnaweke. Ons het gebid vir reën en ons manne op die Grens, maar vandag bid ons oop oë vir genade teen die hand met die gesteelde rewolwer. En vir krag en wysheid, veral om verby alle grense te kan verstaan.

Ons voorsate rus nou tussen klipmure en sipresse nadat hulle hul hande stukkend gewerk het om hul gesinne te onderhou op te klein plase. Om ’n volk op te tel en te bly glo, te bid. Net vir ons om onseker op die wal van die spruit genaamd Onbekend te huiwer.

Ons weet ons is hier vanweë ons vaders en moeders wat bly glo en werk het. In Afrikaans bly bid het en skole met pannekoek en worsbroodjies aan die gang gehou het (en die NP).

Maar ook vanweë die swart hande wat die afval gekrap het; die krummelpap skemeroggend in die pot bly roer het. En hul gebede in die soet rook van misvure wat jy saans in jou bed kon ruik.

Hier op die koppie onder die olienhout wat anker in oeroue rots, is die kierie solied in die hand. Die lug is oop, skoon en met elke teug suurstof vol van die geur van Karoo- en kerriebossies en lewe wat uit hierdie diep, ryk Afrikagrond opstaan.

Daarom vra jy: Here, laat ons altyd onthou waar ons vandaan kom, maar maak ons oop om nuwe uitdagings te kan verwerk, planne te maak en te help om dié land van ons wit en swart voorsate te bou.

Daar gaan nog trane vloei soos bloed hier oor grond, Here, maar gee ons almal, almal hierdie wysheid: Ons kan net waarlik lewe as almal om ons lewe; en almal kan net lewe as die boere vry is om kos te voorsien.

Dis ’n handvol, Here.

Maar gee ons almal die genadegawes van geduld, liefde, omgee en uitreik om ons geliefde land te maak werk. Amen.

http://www.netwerk24.com/stemme/2015-04-02-charles-smith-gebed-van-n-afrikaanse-boer-in-die-vrystaat

Brood vir die pad

Die stilte van monde oop van verbasing

Dirkie Smit

Nadenke oor Christus begin in stilte. Só begin Dietrich Bonhoeffer, die Duitse martelaar, destyds sy lesings oor die Christologie, vroeg in die dertigerjare, met donker wolke wat oor sy wêreld saampak. Dis die heel eerste sinnetjie, die eerste woorde van sy eerste lesing in dié kursus, soos sy studente dit neerskryf in notas wat hulle eers drie dekades láter publiseer, lank ná sy eie dood. Hy bedoel nié die stilte van mistiek nie, gaan hy voort. Hy dink nie aan die stilte van meditasie en kontemplasie nie. Hy praat nie van stil word en in onsself inkeer, leeg-word en bepeinsing nie. Al is dié prosesse van stille self-ondersoek ook hóé goed en nodig praat hy van iets anders, al dié prosesse bly immers steeds self-gesprekke, solipsistiese, in-ons-self-gekeerde stiltes, sê hy. Dis nié die stilte van nadink oor Christus nie.

Die stilte waarvan hy praat is ’n stil-wees voor die Woord. Dis nie die stilte van nie weet wat om te dink, van stil word voor die donker, duister, die geheimenis, waar alle gedagtes tot ’n einde kom en die groot leegheid van ons bewussyn besit neem tot ons niks meer weet en kan dink nie. Nee, hy praat van die stilte van mense stomgeslaan deur wat hulle sien en hoor, deur wat voor hulle oë afspeel. Verslae en verbyster deur dit wat hulle sien – maar skaars kan gló. Wat oopmond en oorweldig deur verbasing net kan stáár – omdat hulle nie hulle eie ore en oë kan glo nie. Dis die stilte van mense wat sien en hoor – maar nie kans sien om selfs stamelend te herhaal wat hulle sien en hoor nie, omdat dit so óngehoord is, te vreemd vir woorde, te onvoorstelbaar, te onmoontlik om selfs na te praat. Té radikaal en ingrypend indien dit wel waar sou wees.

Hy staan met dié woorde in die tradisie van Martin Luther met sy teologie van die kruis. In sy destydse lesings in die Augustiner-klooster in Heidelberg sou die jong Luther die studente ook verbyster. Ook húlle kon hulle eie ore nie glo nie, vertel die Hervormer Bucer later, óók in die gehoor. Diégene wat vol bravade voorgee dat hulle God ken, so séker van hul kennis dat hulle maklik en vol selfvertroue oor God praat, al diégene wat Luther as “teoloë van die heerlikheid” beskryf, hulle is eintlik net vol van hullesélf en ken net hullesélf, sê hy. Hulle dink oor hulleself en praat van hulleself en noem dit alles “God”.

Wie oor God wil nadink moet na die kruis kyk, sê Luther. Daar sien mense God – in dié Een, dié mens, dié Een verguis en gegesel, dié Lam geslag. Wie oor God wil nadink moet voor dié Woord staan – en sal onvermydelik tot swye geslaan word. Nie omdat hulle niks het om te sê nie, maar omdat dié gedagtes so onuitspreekbaar is – dat God dalk werklik só kan wees? G’n wonder die kerk praat van “Stil Saterdag” nie. Nie vanweë nié weet wat om te sê nie, maar omdat dit soveel moed kos om dit te sê – en oor die implikasies vir ons lewe ná te dink. Soos Bonhoeffer en sy studente in 1933, in dié dae van gruwelike magsmisbruik en mense-ontering. Want sê net dis wáár?

http://www.netwerk24.com/stemme/2015-04-04-djs-die-stilte-van-monde-oop-van-verbasing

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877